BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 07

Die geboorte van Jesus tot hemelvaart.

Voor sy hemelvaart berei Jesus sy dissipels finaal voor vir die groot gebeurtenis van die koms van die Heilige Gees. Hulle moet in Jerusalem gaan wag totdat die Heilige Gees uitgestort word [Hand.1:4]. Eers as die Heilige Gees uitgestort is, sal hulle die groot opdrag kan uitvoer om dissipels te maak van al die nasies en in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop [Matt.28:19]. Hulle moet nog eers met die Heilige Gees gedoop word voordat hulle met die apostelwerk kan begin [Hand.1:5].

1. LEES Johannes 20:21,22.
   Wat hier gebeur is iets anders as Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is. Hier ontvang die dissipels die Heilige Gees – maar direk daarna stuur die Here hulle na Jerusalem sodat hulle met Pinkster teenwoordig kan wees wanneer die Heilige Gees uitgestort word.
   Wat gebeur in vers 22 met die disspels?

Herhaaldelik het ons genoem dat die sondeval 'n vermindering beteken van die Heilige Gees en sy werk asook verbreking van ware gemeenskap met God. Die dood tree ook hier na vore. Pinkster staan in 'n mate teenoor die sondeval. Hier vind ons die terugkeer van die Gees in sy volheid.

2. LEES Matteus 3:11 en Handelinge 1:5.
   Handelinge 1:4-5 leer ons dat Jesus sy dissipels opdrag gegee het om in Jerusalem te wag sodat hulle met die Gees gedoop kan word. In Matteus 3:11 praat ook Johannes die Doper van die doop met die Heilige Gees.
   Wie sal volgens hom met die Heilige Gees doop?
   Wat leer dit ons oor die verhouding tussen Jesus en die Heilige Gees?

3. LEES Handelinge 2:1.
   Die Here kies die Pinksterfees as geleentheid vir die uitstorting van die Heilige Gees. *Wat is die Pinksterfees?*

4. LEES Handelinge 2:2,6.
   Wat was die eerste teken van Pinkster en waarom?

5. LEES Handelinge 2:3.
Watter teken het gevolg en wat het daarmee saam gebeur?

6. LEES Handelinge 2:14-21.
Wat gebeur direk na die uitstorting van die Heilige Gees?

7. LEES Handelinge 2:17.
*Wat beteken die **laaste dae** waarvan Petrus hier praat uit die profesie van Joël?*

B. ANTWOORDE.

1. in Johannes 20 gee Jesus aan die dissipels die gesag om as apostels te gaan optree. Daarvoor ontvang hulle die gawe van die Heilige Gees wanneer Hy oor hulle blaas. Daarom sê Jesus: soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Natuurlik kan die dissipels nog nie dadelik getuig nie. Daarvoor moet hulle nog die Gees volledig ontvang met Pinkster. Hulle moet eers toegerus word vir hulle werk.
2. Dit is Jesus wat met die Heilige Gees doop. Daarin sien ons dat die Here voortgaan met sy werk na sy hemelvaart. Hy het nie alles aan die Heilige Gees oorgedra en Homself onttrek nie. In die Heilige Gees is Jesus aanwesig.
3. Hierdie dag was vir die eerste Christene nie iets nuuts nie. Pinksterfees was 'n ou instelling uit die tyd van die Ou Testament.
   - Wat was die Pinksterfees? Op die vyftigste dag na die Paasfees [Pinkster kom van die woord wat vyftigste beteken] moes almal tempel toe gaan om deel te hê aan die seremonies.
   - Pinksterfees was 'n soort nasionale fees. Dit was die geboortedag van Israel as 'n selfstandige volk. Op dieselfde dag eeue tevore, het Moses die wet van die Here op die berg Sinai ontvang, as teken dat die Here met Israel sy verbond

gesluit het. Dit was die volk Israel se VERJAARSDAG.

- Pinkster was vir 'n tweede rede 'n vrolike geleentheid: dit was vir Israel hulle OESFEES. Die eerste vrugte van die oes is na die tempel gebring. Die volk het vir die Here dankie gesê vir die opbrengs van die oes wat Hy aan hulle gegee het en wat Hy nog aan hulle sal gee solank as wat die seisoen duur.
- Dit is op hierdie besondere feesdag van die Jode dat die HEILIGE GEES in Jerusalem uitgestort is.
- Pinkster het nou vir ons as Christene ook 'n DUBBELE BETEKENIS gehad:
  - Op Pinkster het God sy nuwe volk laat ontstaan. Pinksterdag is dus die verjaarsdag van die KERK.
  - Maar die Pinksterfees is ook die eerste OESFEES in die kerk se geskiedenis. Op die dag is die eerste bekeerlinge [die eerste oes] ingesamel.

4. 'n Geweldige stormwind [rukwind oav]. Die geluid en die krag daarvan het die mense in Jerusalem na die huis waar die dissipels was gelok. Die mense was uit verskillende dele van die Midde-ooste.
   Daarmee saam dui die krag op die kragtige werking van die Heilige Gees.
5. Dit was vurige tonge en nie vuurtonge nie. Wat hulle gesien het, was dus mensetonge wat vurig gelyk het. Die tonge het verdeel en op elkeen van die dissipels gaan sit.
   Met 'n tong praat 'n mens. Dit is wat hier aangedui word. Die teken van die vurige tonge wil dus duidelik sê dat God iets aan die praat van die dissipels gedoen het. En dit het gebeur. Hulle het duidelik in bestaande tale begin praat [9-11].
6. Die eerste daad wat volg, is Woordverkondiging. Die groot dade van God wat Hy in Jesus Christus gedoen het, word verkondig. Die Heilige Gees en die dissipels getuig van Jesus Christus.
7. Laaste dae beteken die tydperk tussen hemelvaart en die wederkoms van Christus. Op 'n ander manier sou ons dit die bedeling van die Heilige Gees kon noem omdat die Here Jesus in hierdie tyd deur sy Gees werk.

****